Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 521 Cape Town, Kaapstad, 26 November 2008 No. 31643

## THE PRESIDENCY

No. 1274 26 November 2008

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 33 of 2008: Refugees Amendment Act, 2008.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1274 26 November 2008

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 33 van 2008: Wysigingswet op Vlugtelinge, 2008.**

## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

______ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 21 November 2008.)*

# ACT

**To amend the Refugees Act, 1998, so as to amend, insert and delete certain definitions; to provide for delegation of powers; to provide for certain matters with regard to the establishment of Refugee Reception Offices; to provide for the dissolution of the Standing Committee for Refugee Affairs and the Refugee Appeal Board; to provide for the establishment of the Refugee Appeals Authority; to provide for the clarification and revision of procedures relating to refugee status determination; to provide for obligations and rights of asylum seekers; to provide for the repeal of certain obsolete provisions; and to effect certain technical corrections; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 130 of 1998**

**1.** The following section is hereby substituted for section 1 of the Refugees Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act):

"**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context **[shows that another meaning is intended]** indicates otherwise—

**[(i)]** **'abusive application for asylum'** means an application for asylum made—

*(a)* with the purpose of defeating or evading criminal or civil proceedings or the consequences thereof; or

*(b)* after the refusal of one or more prior applications without any substantial change having occurred in the applicant's personal circumstances or in the situation in his or her country of origin; **[(xiv)**

**(ii) 'Aliens Control Act, 1991' means the Aliens Control Act, 1991 (Act No. 96 of 1991); (xxiv)**

**(iii) 'Appeal Board' means the Refugee Appeal Board, established by section 12; (ii)**

**(iv)]** **'asylum'** means refugee status recognised in terms of this Act; **[(iii)]**

**[(v)]** **'asylum seeker'** means a person who is seeking recognition as a refugee in the Republic; **[(iv)]**

**[(vi)]** **'asylum seeker permit'** means a permit contemplated in section 22; **[(v)]**

**'biometrics'** means the measurable physiological or behavioural characteristics that can be used in verifying the identity of individuals,

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordeninge aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordeninge aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 21 November 2008.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Vlugtelinge, 1998, ten einde sekere omskrywings te wysig, in te voeg en te skrap; om voorsiening te maak vir die delegering van bevoegdhede; om voorsiening te maak vir sekere aangeleenthede met betrekking tot die instelling van Vlugtelingontvangskantore; om voorsiening te maak vir die ontbinding van die Staande Komitee vir Vlugtelingsake en die Appèlraad oor Vlugtelinge; om voorsiening te maak vir die instelling van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge; om voorsiening te maak vir die verduideliking en hersiening van prosedures betreffende vlugtelingstatusbepaling; om voorsiening te maak vir die regte en verpligtinge van asielversoekers; om voorsiening te maak vir die herroeping van sekere uitgediende bepalings; en om sekere tegniese korreksies aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 130 van 1998**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang **['n ander bedoeling]** anders blyk, beteken—

**"afhanklike"**, met betrekking tot 'n asielversoeker of 'n vlugteling, ook **[die gade,]** enige ongetroude afhanklike kind of enige behoeftige, bejaarde of verswakte **[familielid]** lid van die onmiddellike familie van daardie asielversoeker of vlugteling;

**["Appèlraad" die Appèlraad oor Vlugtelinge, by artikel 12 ingestel;]**

**"Appèlowerheid oor Vlugtelinge"** die Appèlowerheid oor Vlugtelinge ingevolge artikel 8A ingestel;

**"asiel"** vlugtelingstatus ingevolge hierdie Wet erken;

**"asielversoeker"** 'n persoon wat erkenning as vlugteling in die Republiek verlang;

**"asielversoekerspermit"** 'n permit in artikel 22 beoog;

**"bedrieglike aansoek om asiel"** 'n aansoek om asiel wat sonder redelike oorsaak gebaseer is op **[feite,]** inligting, dokumente of voorstellings wat die

and may include the use of photographs, fingerprints, hand measurements, signature verification, facial patterns and retinal patterns;

[(vii)] **'child'** means any person under the age of 18 years; **[(x)]**

**'court'** means a magistrate's court;

[(viii)] **'Department'** means the Department of Home Affairs; [(**vii**)]

[(ix)] **'dependant'**, in relation to an asylum seeker or a refugee, includes **[the spouse,]** any unmarried dependant child or any destitute, aged or infirm member of the immediate family of such asylum seeker or refugee; **[(i)]**

[(x)] **'Director-General'** means the Director-General of the Department; **[(viii)]**

[(xi)] **'fraudulent application for asylum'** means an application for asylum based without reasonable cause on **[facts,]** information, documents or representations which the applicant knows to be false and **[which facts, information, documents or representations]** are intended to materially affect the outcome of the application; **[(vi)]**

**'immediate family'** means the immediate family as defined in section 1 of the Immigration Act;

**'Immigration Act'** means the Immigration Act, 2002 (Act No. 13 of 2002);

[(xii) **'manifestly unfounded application'** means an application for asylum made on grounds other than those on which such an application may be made under this Act; **[(xi)]**"

**'marriage'** means—

*(a)* either a marriage or a civil partnership concluded in terms of the Civil Union Act, 2006 (Act No. 17 of 2006);

*(b)* a marriage concluded in terms of—

(i) the Marriage Act, 1961 (Act No. 25 of 1961); or

(ii) the Recognition of Customary Marriages Act, 1998 (Act No. 120 of 1998);

*(c)* a marriage concluded in terms of the laws of a foreign country; or

*(d)* a marriage concluded in terms of Islamic or other religious rites;

[(xii)] **'Minister'** means the Minister of Home Affairs; **[(xiii)]**

[(xiv)] **'prescribed'** means prescribed by regulation;

[(xv)] **'refugee'** means any person who has been granted asylum in terms of this Act; **[(xviii)]**

**'Refugee Appeals Authority'** means the Refugee Appeals Authority established in terms of section 8A;

[(xvi)] **'Refugee Reception Office'** means a Refugee Reception Office established under section 8(1); **[xx]**

[(xvii) **'Refugee Reception Officer' means a Refugee Reception Officer referred to in section 8(2); (xix)]**

[(xviii)] **'Refugee Status Determination Officer'** means a Refugee Status Determination Officer referred to in section 8(2); **[(xxi)]**

[(xix)] **'regulation'** means any regulation made under this Act; **[(xvi)]**

**'residence'** means a status recognised by competent authorities of a particular country that affords a person the right to sojourn in that country with the rights and obligations attached thereto;

[(xx) **'rules' means the rules made by the Appeal Board under section 14(2); (xv)]**

[(xxi)] **'social group'** includes**[, among others,]** a group of persons of particular gender, sexual orientation, disability, class or caste; **[(xii)]**

**'spouse'** means a person who is a party to—

*(a)* a marriage as defined in terms of this Act; or

*(b)* a permanent homosexual or heterosexual relationship as prescribed;

[(xxii) **'Standing Committee' means the Standing Committee for Refugee Affairs, established by section 9; (xvii)]**

[(xxiii)] **'this Act'** includes the regulations made in terms of this Act; **[(ix)]**

**'unfounded application'**, in relation to an application for asylum in terms of section 21, means an application—

*(a)* made on the grounds other than those contemplated in section 3; or

applikant weet vals is en **[welke feite, inligting, dokumente of voorstellings]** bedoel is om die uitslag van die aansoek wesenlik te raak;

**"biometrika"** die meetbare fisiologiese of gedragskenmerke wat gebruik kan word vir die verifiëring van die identiteit van individue, en wat die gebruik van foto's, vingerafdrukke, handafmetings, handtekeningverifikasie en gesigs- en retinapatrone kan insluit;

**"Departement"** die Departement van Binnelandse Sake;

**"Direkteur-generaal"** die Direkteur-generaal van die Departement;

**"gade"** 'n persoon wat 'n party is tot—

*(a)* 'n huwelik soos omskryf ingevolge hierdie Wet; of

*(b)* 'n permanente homoseksuele of heteroseksuele verhouding soos voorgeskryf;

**"hierdie Wet"** ook die regulasies uitgevaardig ingevolge hierdie Wet;

**"hof"** 'n landdroshof;

**"huwelik"**—

*(a)* óf 'n huwelik óf 'n burgerlike genootskap gesluit ingevolge die "Civil Union Act", 2006 (Wet No. 17 van 2006);

*(b)* 'n huwelik gesluit ingevolge—

(i) die Huwelikswet, 1961 (Wet No. 25 van 1961); of

(ii) die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, 1998 (Wet No. 120 van 1998);

*(c)* 'n huwelik gesluit ingevolge die wette van 'n vreemde land; of

*(d)* 'n huwelik gesluit ingevolge Islamitiese of ander religieuse gebruike;

" **'Immigration Act'**" die "Immigration Act, 2002" (Wet No. 13 van 2002);

**"kind"** 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

**"klaarblyklik ongegronde aansoek"** 'n aansoek om asiel wat gedoen word op ander gronde as dié op grond waarvan so 'n aansoek kragtens hierdie Wet gedoen kan word;

**"maatskaplike groep"** ook**[, onder andere,]** 'n groep persone van 'n bepaalde geslag, seksuele oriëntering, gestremdheid, klas of **[kaste]** agtergrond;

**"Minister"** die Minister van Binnelandse Sake;

**"misbruikte aansoek om asiel"** 'n aansoek om asiel gedoen—

*(a)* met die doel om straf- of siviele verrigtinge of die gevolge daarvan te verydel of te vermy; of

*(b)* na die weiering van een of meer voorafgaande aansoeke sonder dat 'n wesenlike verandering in die applikant se persoonlike omstandighede of in die toestand in sy of haar land van oorsprong ingetree het;

**"ongegronde aansoek**, met betrekking tot 'n aansoek om asiel ingevolge artikel 21, 'n aansoek—

*(a)* wat gedoen word op ander gronde as dié beoog in artikel 3; of

*(b)* wat gedoen word op die gronde beoog in artikel 3, maar wat sonder verdienste is;

**"onmiddellike familie"** die onmiddellike familie soos omskryf in artikel 1 van die "Immigration Act";

**["reëls" die reëls deur die Appèlraad kragtens artikel 14(2) uitgevaardig;]**

**"regulasie"** 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

**["Staande Komitee" die Staande Komitee vir Vlugtelingsake by artikel 9 ingestel;]**

**"verblyf"** 'n status erken deur bevoegde owerhede van 'n bepaalde land wat aan 'n persoon die reg verleen om in daardie land te vertoef met die regte en verpligtinge daaraan verbonde;

**"vlugteling"** enige persoon aan wie asiel ingevolge hierdie Wet verleen is;

**["Vlugtelingontvangsbeampte" 'n Vlugtelingontvangsbeampte in artikel 8(2) bedoel;]**

**"Vlugtelingontvangskantoor"** 'n Vlugtelingontvangskantoor kragtens artikel 8(1) ingestel;

**"Vlugtelingstatusbepalingsbeampte"** 'n Vlugtelingstatusbepalingsbeampte in artikel 8(2) bedoel;

**"VNHKV"** die Verenigde Nasies Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge;

**"voorgeskryf"** by regulasie voorgeskryf;

(*b*) made on the grounds contemplated in section 3, but which is without merit;

**[(xxiv)]** **'UNHCR'** means the United Nations High Commissioner for Refugees. **[(xxii)]**.".

**Insertion of section 1A in Act 130 of 1998**

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 1:

"**Interpretation and application of Act**

**1A.** This Act must be interpreted and applied in a manner that is consistent with—

(*a*) the 1951 United Nations Convention Relating to the Status of Refugees;

(*b*) the 1967 United Nations Protocol Relating to the Status of Refugees;

(*c*) the 1969 Organization of African Unity Convention Governing the Specific Aspects of Refugee Problems in Africa;

(*d*) the 1948 United Nations Universal Declaration of Human Rights; and

(*e*) any domestic law or other relevant convention or international agreement to which the Republic is or becomes a party.".

**Amendment of section 2 of Act 130 of 1998**

**3.** Section 2 is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of the following paragraph:

"(*b*) his or her life, physical safety or freedom would be threatened on account of external aggression, occupation, foreign domination or other events seriously disturbing **[or disrupting]** public order in **[either]** any part or the whole of that country.".

**Amendment of section 3 of Act 130 of 1998**

**4.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) of the following paragraphs, respectively:

"(*a*) owing to a well-founded fear of being persecuted by reason of his or her race, gender, tribe, religion, nationality, political opinion or membership of a particular social group, is outside the country of his or her nationality and is unable or unwilling to avail himself or herself of the protection of that country, or, not having a nationality and being outside the country of his or her former habitual residence is unable or, owing to such fear, unwilling to return to it; or

(*b*) owing to external aggression, occupation, foreign domination or other events seriously disturbing **[or disrupting]** public order in either a part or the whole of his or her country of origin or nationality, is compelled to leave his or her place of habitual residence in order to seek refuge **[elsewhere]** in another place outside his or her country of origin or nationality; or

(*c*) is a spouse or dependant of a person contemplated in paragraph (*a*) or (*b*).".

**Amendment of section 4 of Act 130 of 1998**

**5.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by—

(*a*) the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"A person does not qualify for refugee status for the purposes of this Act if **[there is]** the Refugee Status Determination Officer has reason to believe that he or she—";

(*b*) the substitution in subsection (1) for paragraph (*b*) of the following paragraph:

"(*b*) has committed **[a crime which is not of a political nature and which, if committed in the Republic, would be punishable by imprisonment]** a serious non-political crime outside the country of refuge prior to his or her admission to that country as a refugee; or"; and

**[“Wet op Vreemdelinge-beheer, 1991” die “Wet op Vreemdelingebeheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991);].”.**

**Invoeging van artikel 1A in Wet 130 van 1998**

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet ingevoeg na artikel 1:

“**Vertolking en toepassing van Wet**

**1A.** Hierdie Wet moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat ooreenstem met—

*(a)* die 1951 Verenigde Nasies Konvensie met Betrekking tot die Status van Vlugtelinge;

*(b)* die 1967 Verenigde Nasies Protokol met Betrekking tot die Status van Vlugtelinge;

*(c)* die 1969 Organisasie vir Eenheid in Afrika Konvensie met Betrekking tot die Spesifieke Aspekte van Vlugtelingprobleme in Afrika;

*(d)* die 1948 Verenigde Nasies Universele Verklaring van Menseregte; en

*(e)* 'n landswet of ander tersaaklike konvensie of internasionale ooreenkoms waartoe die Republiek 'n party is of word.”.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 130 van 1998**

**3.** Artikel 2 word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* sy of haar lewe, fisiese veiligheid of vryheid bedreig word op grond van eksterne aggressie, besetting, buitelandse oorheersing of ander gebeure wat die openbare orde **[óf]** in 'n deel **[óf]** of in die geheel van daardie land ernstig versteur **[of ontwrig]**.”.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 130 van 1998**

**4.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

“*(a)* weens 'n gegronde vrees vir vervolging weens sy of haar ras, geslag, stam, geloof, nasionaliteit, politieke mening of lidmaatskap van 'n bepaalde maatskaplike groep, buite die land van sy of haar nasionaliteit is en nie in staat is nie of onwillig is om gebruik te maak van die beskerming van daardie land, of nie oor 'n nasionaliteit beskik nie en buite die land van sy of haar gewese gewone verblyf is en nie in staat is nie of, weens daardie vrees, onwillig is om daarheen terug te keer; of

*(b)* weens eksterne aggressie, besetting, buitelandse oorheersing of ander gebeure wat die openbare orde **[óf]** in 'n deel **[óf]** of in die geheel van die land van sy of haar herkoms of nasionaliteit**[,]** ernstig versteur **[of ontwrig]**, genoop is om sy of haar plek van gewone verblyf te verlaat ten einde **[elders]** in 'n ander plek buite sy of haar land van oorsprong of nasionaliteit beskerming op te soek; of

*(c)* 'n gade of afhanklike is van 'n persoon beoog in paragraaf *(a)* of *(b)*.”.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 130 van 1998**

**5.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur—

*(a)* in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“By die toepassing van hierdie Wet kwalifiseer 'n persoon nie vir vlugtelingstatus nie indien **[daar]** die Vlugtelingstatusbepalingsbeampte rede **[is]** het om te glo dat **[hy of sy]** daardie persoon—”;

*(b)* in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* 'n ernstige niepolitieke misdaad gepleeg het **[wat nie van 'n politieke aard is nie en waarvoor, indien dit in die Republiek gepleeg was, gevangenisstraf opgelê sou word]** buite die land van toevlug voor sy of haar toelating tot daardie land as 'n vlugteling; of”; en

*(c)* the substitution in subsection (1) for paragraph *(d)* of the following paragraph:
"*(d)* enjoys the protection of any other country in which he or she **[has taken residence]** is a recognised refugee, permanent resident or citizen.".

**Amendment of section 5 of Act 130 of 1998**

**6.** Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* he or she becomes a permanent resident or a citizen of the Republic or acquires the nationality of some other country and enjoys the protection of **[the]** that country **[of his or her new nationality]**: Provided that a person whose permanent residence status is withdrawn is not prevented from re-applying for refugee status; or".

**Repeal of section 6 of Act 130 of 1998**

**7.** Section 6 of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of section 7 of Act 130 of 1998**

**8.** The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

"**Delegation of powers**

**7.** (1) The Minister may, subject to the conditions that he or she may deem necessary, delegate any power conferred on him or her by this Act, excluding a power referred to in section 8B(2), 8F, 8G or 38, to any officer or employee of the Department, but shall not be divested of any power so delegated.

(2) The Director-General may, subject to the conditions that he or she may deem necessary, delegate any power conferred on him or her by this Act, excluding a power referred to in section 8I, to any officer or employee of the Department, but shall not be divested of any power so delegated.".

**Substitution of heading to Chapter 2 of Act 130 of 1998**

**9.** The following heading is hereby substituted for the heading to Chapter 2 of the principal Act:

"**REFUGEE RECEPTION OFFICES[, STANDING COMMITTEE FOR REFUGEE AFFAIRS] AND REFUGEE [APPEAL BOARD] APPEALS AUTHORITY**".

**Substitution of section 8 of Act 130 of 1998**

**10.** The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

"**Refugee Reception Office**

**8.** (1) The Director-General may, by notice in the *Gazette*, establish as many Refugee Reception Offices in the Republic as he or she**[, after consultation with the Standing Committee,]** regards as necessary for the purposes of this Act.

(2) Each Refugee Reception Office must consist of at least **[one Refugee Reception Officer and]** one Refugee Status Determination Officer who must—

*(a)* be **[officers]** an officer of the Department, designated by the Director-General **[for a term of office determined by the Director-General]**; and

*(b)* have such qualifications, experience and knowledge of refugee matters **[as]** that makes **[them]** him or her capable of performing **[their]** his or her functions in terms of this Act.

*(c)* in subartikel (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* die beskerming van enige ander land waar hy of sy **[gaan woon het]** 'n erkende vlugteling, permanente inwoner of burger is, geniet.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 130 van 1998**

**6.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* 'n permanente inwoner of 'n burger van die Republiek word of die nasionaliteit van 'n ander land verkry en die beskerming van **[die]** daardie land **[van sy of haar nuwe nasionaliteit]** geniet: Met dien verstande dat 'n persoon wie se permanenteverblyfstatus ingetrek is, nie daarvan weerhou word om weer om vlugtelingstatus aansoek te doen nie; of".

**Herroeping van artikel 6 van Wet 130 van 1998**

**7.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van artikel 7 van Wet 130 van 1998**

**8.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Delegering van bevoegdhede**

**7.** (1) Die Minister kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, 'n bevoegdheid wat hierdie Wet aan hom of haar verleen, uitgesonderd 'n bevoegdheid bedoel in artikel 8B(2), 8F, 8G of 38, aan 'n beampte of werknemer van die Departement delegeer, maar is nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat so gedelegeer is nie.

(2) Die Direkteur-generaal kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, 'n bevoegdheid wat hierdie Wet aan hom of haar verleen, uitgesonderd 'n bevoegdheid bedoel in artikel 8I, aan 'n beampte of werknemer van die Departement delegeer, maar is nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat so gedelegeer is nie.".

**Vervanging van opskrif van Hoofstuk 2 van Wet 130 van 1998**

**9.** Die opskrif van Hoofstuk 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**VLUGTELINGONTVANGSKANTORE [, STAANDE KOMITEE VIR VLUGTELINGSAKE] EN [APPÈLRAAD] APPÈLOWERHEID OOR VLUGTELINGE**".

**Vervanging van artikel 8 van Wet 130 van 1998**

**10.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Vlugtelingontvangskantoor**

**8.** (1) Die Direkteur-generaal kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, soveel Vlugtelingontvangskantore in die Republiek instel as wat hy of sy**[, na oorleg met die Staande Komitee,]** nodig ag vir die doeleindes van hierdie Wet.

(2) Elke Vlugtelingontvangskantoor moet uit minstens **[een Vlugtelingontvangsbeampte en]** een Vlugtelingstatusbepalingsbeampte bestaan wat—

*(a)* **[beamptes]** 'n beampte van die Departement moet wees wat deur die Direkteur-generaal aangewys word **[vir 'n ampstermyn deur die Direkteur-generaal bepaal]**; en

*(b)* die kwalifikasies, ondervinding en kennis van vlugtelingaangeleenthede moet besit wat **[hulle]** hom of haar bevoeg maak om **[hulle]** sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet te kan verrig.

(3) The Director-General **[must, with the approval of the Standing Committee, ensure that each officer appointed under this section receives the additional training necessary to enable such officer to perform his or her functions properly]** must appoint such number of officers as he or she deems necessary to perform administrative functions connected with the Refugee Reception Office.".

**Insertion of sections 8A to 8J in Act 65 of 1996**

**11.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 8:

"**Refugee Appeals Authority**

**8A.** (1) There is hereby established a Refugee Appeals Authority.

(2) The Refugee Appeals Authority is independent and must function without any bias.

(3) The headquarters of the Refugee Appeals Authority must be determined by the Minister.

**Composition of Refugee Appeals Authority**

**8B.** (1) The Refugee Appeals Authority consists of—

*(a)* a chairperson who is legally qualified; and

*(b)* such number of other members as the Minister may determine, having regard to the likely volume of work to be performed by the Refugee Appeals Authority: Provided that at least one of such members is legally qualified.

(2) The chairperson and other members of the Refugee Appeals Authority are appointed by the Minister with due regard to their experience, qualifications and expertise, as well as their ability to perform the functions of the Refugee Appeals Authority properly.

**Functions of Refugee Appeals Authority**

**8C.** (1) The Refugee Appeals Authority must—

*(a)* subject to subsection (2), determine any appeal lodged in terms of this Act; and

*(b)* advise the Minister on any matter which the Minister refers to the Refugee Appeals Authority.

(2) An appeal contemplated in subsection (1)*(a)* must be determined by such number of members of the Refugee Appeals Authority as the chairperson may deem necessary: Provided that at least one of such members is legally qualified.

(3) The Refugee Appeals Authority may determine its own procedure and make its own rules, which may not be in conflict with the provisions of this Act.

(4) Rules made under subsection (3) must be published in the *Gazette*.

**Term of office of members of Refugee Appeals Authority**

**8D.** (1) A member of the Refugee Appeals Authority serves for a period of five years and is eligible for reappointment upon expiry of his or her term of office.

(2) A member may resign by tendering a written notice of resignation to the Minister.

**Disqualification from membership**

**8E.** A person may not be appointed as a member of the Refugee Appeals Authority if that person—

*(a)* is not a South African citizen;

(3) Die Direkteur-generaal moet **[, met die goedkeuring van die Staande Komitee, verseker dat elke beampte wat kragtens hierdie artikel aangestel word die aanvullende opleiding ontvang wat nodig is om sy of haar werksaamhede behoorlik te kan verrig]** die getal beamptes aanstel wat hy of sy nodig ag om die administratiewe werksaamhede verbonde aan die Vlugtelingontvangskantoor te verrig.".

**Invoeging van artikels 8A tot 8I in Wet 65 van 1996**

**11.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet ingevoeg na artikel 8:

"**Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8A.** (1) Hierby word 'n Appèlowerheid oor Vlugtelinge ingestel.

(2) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge is onafhanklik en moet sy werksaamhede sonder enige vooroordeel verrig.

(3) Die Hoofkantoor van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge word deur die Minister bepaal.

**Samestelling van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8B.** (1) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge bestaan uit—

*(a)* 'n voorsitter wat oor regskwalifikasies beskik; en

*(b)* die getal ander lede wat die Minister kan bepaal, met inagneming van die waarskynlike hoeveelheid werk wat deur die Appèlowerheid oor Vlugtelinge verrig moet word: Met dien verstande dat minstens een van hierdie lede oor regskwalifikasies beskik.

(2) Die voorsitter en ander lede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge word deur die Minister aangestel met behoorlike inagneming van hulle ondervinding, kwalifikasies en kundigheid, asook hulle vermoë om die werksaamhede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge behoorlik te kan verrig.

**Werksaamhede van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8C.** (1) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge moet—

*(a)* behoudens subartikel (2), 'n appèl beslis wat ingevolge hierdie Wet aangeteken is; en

*(b)* die Minister van raad dien oor enige aangeleentheid wat deur die Minister na die Appèlowerheid oor Vlugtelinge verwys is.

(2) 'n Appèl beoog in subartikel (1)*(a)* moet beslis word deur die getal lede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge wat die voorsitter nodig ag: Met dien verstande dat minstens een van daardie lede oor regskwalifikasies beskik.

(3) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge kan sy eie prosedure vasstel en sy eie reëls uitvaardig, wat nie in stryd mag wees met die bepalings van hierdie Wet nie.

(4) Reëls uitgevaardig kragtens subartikel (3) moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

**Ampstermyn van lede van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8D.** (1) 'n Lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge dien vir 'n tydperk van vyf jaar en kan weer aangestel word by die verstryking van sy of haar ampstermyn.

(2) 'n Lid kan bedank deur 'n skriftelike kennisgewing van bedanking by die Minister in te dien.

**Onbevoegdheid ten opsigte van lidmaatskap**

**8E.** 'n Persoon kan nie as lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge aangestel word nie indien daardie persoon—

*(a)* nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;

(b) has been sentenced to imprisonment without the option of a fine during the preceding four years;
(c) is an unrehabilitated insolvent;
(d) has been judicially declared of unsound mind;
(e) has been removed from an office of trust on account of misconduct involving theft, fraud or corruption; or
(f) is a political office bearer.

**Removal from office of member of Refugee Appeals Authority**

**8F.** (1) The Minister may remove a member of the Refugee Appeals Authority from office on account of misconduct or inability to perform the functions of his or her office effectively and efficiently.

(2) The Minister may remove a member of the Refugee Appeals Authority in terms of subsection (1) if such member has been given an opportunity to make representations or comments on the matter and the Minister has taken any such representations or comments into consideration.

**Filling of vacancies in Refugee Appeals Authority**

**8G.** Whenever a vacancy arises in the Refugee Appeals Authority as a result of death, resignation or removal from office of a member of the Refugee Appeals Authority, the Minister may appoint a suitable person for the remainder of the term of office of such member.

**Remuneration of members of Refugee Appeals Authority**

**8H.** The members of the Refugee Appeals Authority must receive such remuneration, allowances and other benefits as the Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance.

**Administrative staff of Refugee Appeals Authority**

**8I.** The administrative work connected with the performance of the functions of the Refugee Appeals Authority must be performed by officers of the Department designated by the Director-General for that purpose.

**Annual Reports of Refugee Appeals Authority**

**8J.** (1) The Refugee Appeals Authority must, within 30 days after the end of each financial year, prepare a report on all its activities during that financial year and on its financial position as at the end of that financial year.

(2) The Refugee Appeals Authority must, immediately after the report contemplated in subsection (1) is finalised, submit the report together with the audited balance sheet and accounts pertaining to the funds of the Refugee Appeals Authority to the Minister for tabling in Parliament.".

**Repeal of sections 9 to 20 of Act 130 of 1998**

**12.** Sections 9 to 20 of the principal Act are hereby repealed.

**Amendment of section 21 of Act 130 of 1998**

**13.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections, respectively:

"(1) An application for asylum must be made in person in accordance with the prescribed procedures to a **[Refugee Reception Officer]** Refugee Status Determi-

(b) in die voorafgaande vier jaar gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(d) geregtelik as geestesversteurd verklaar is;

(e) uit 'n vertrouensamp ontslaan is op grond van onbehoorlike gedrag wat diefstal, bedrog of korrupsie behels; of

(f) 'n politieke ampsdraer is.

**Verwydering uit amp van lid van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8F.** (1) Die Minister kan 'n lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge uit sy of haar amp verwyder op grond van wangedrag of onvermoë om die werksaamhede verbonde aan sy of haar amp doeltreffend en doelmatig te verrig.

(2) Die Minister kan 'n lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge ingevolge subartikel (1) verwyder indien sodanige lid die geleentheid gegun is om oor die aangeleentheid vertoë te rig of kommentaar te lewer en die Minister sodanige vertoë of kommentaar in aanmerking geneem het.

**Vul van vakatures in Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8G.** Wanneer 'n vakature in die Appèlowerheid oor Vlugtelinge ontstaan as gevolg van die dood of bedanking van 'n lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge of die verwydering van so 'n lid uit sy of haar amp, kan die Minister 'n geskikte persoon aanstel vir die oorblywende gedeelte van die ampstermyn van sodanige lid.

**Vergoeding van lede van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8H.** Die lede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge ontvang die vergoeding, toelaes en ander voordele wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

**Administratiewe personeel van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8I.** Die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge word deur beamptes van die Departement wat vir daardie doel deur die Direkteur-generaal aangewys is, verrig.

**Jaarverslae van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

**8J.** (1) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge moet binne 30 dae na die einde van elke boekjaar 'n verslag saamstel van al sy bedrywighede gedurende daardie boekjaar en sy finansiële stand soos aan die einde van daardie boekjaar.

(2) Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge moet onverwyld nadat die verslag beoog in subartikel (1) gefinaliseer is, die verslag tesame met die geouditeerde balansstaat en rekeninge wat betrekking het op die geld van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge vir tertafellegging in die Parlement aan die Minister voorlê.".

**Herroeping van artikels 9 tot 20 van Wet 130 van 1998**

**12.** Artikels 9 tot 20 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 21 van Wet 130 van 1998**

**13.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1), (2) en (3) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) 'n Aansoek om asiel moet persoonlik ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures by 'n **[Vlugtelingontvangsbeampte]** Vlugtelingstatusbepalings-

nation Officer at any Refugee Reception Office or at any other place designated by the Director-General by notice in the *Gazette*.

(2) The Refugee Status Determination Officer must, upon receipt of the application contemplated in subsection (1), deal with such application in terms of section 24.

(3) When making an application for asylum, every applicant, including his or her spouse and dependants, must have his or her **[fingerprints or other prints]** biometrics taken in the prescribed manner **[and every applicant who is 16 years old or older must furnish two recent photographs of himself or herself of such dimensions as may be prescribed]**.".

**Insertion of sections 21A and 21B in Act 130 of 1998**

**14.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 21:

**"Unaccompanied child and person with mental disability**

**21A.** (1) Any unaccompanied child who is found under circumstances that clearly indicate that he or she is an asylum seeker and a child in need of care contemplated in the Children's Act, 2005 (Act No. 38 of 2005), must—

*(a)* be issued with an asylum seeker permit in terms of section 22; and

*(b)* in the prescribed manner, be brought before the Children's Court in the district in which he or she was found, to be dealt with in terms of the Children's Act, 2005.

(2) Any person with a mental disability who is found under circumstances that clearly indicate that he or she is an asylum seeker, must—

*(a)* be issued with an asylum seeker permit in terms of section 22; and

*(b)* in the prescribed manner, be referred to a health establishment contemplated in the Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002), to be dealt with in terms of that Act.

**Spouse and dependants of asylum seekers and refugees**

**21B.** (1) A person who applies for refugee status in terms of section 21 and who would like one or more of his or her spouse and dependants to be granted refugee status must, when applying for asylum, include the details of such spouse and dependants in the application.

(2) Any refugee whose child is born in the Republic must, within one month of the birth of his or her child, register such a child as a dependant at any Refugee Reception Office.

(3) Where a dependant of a recognised refugee is within the Republic in accordance with an asylum seeker permit or has been granted asylum in terms of this Act and ceases to be a dependant by virtue of marriage or cessation of his or her dependence upon the recognised refugee, as the case may be, he or she may apply in the prescribed manner to be permitted to continue to remain within the Republic in accordance with the provisions of this Act.

(4) Where a spouse of a recognised refugee is within the Republic in accordance with an asylum seeker permit or has been granted asylum in terms of this Act and ceases to be the spouse as a result of divorce or death of the recognised refugee, as the case may be, he or she may be permitted to continue to remain within the Republic in accordance with the provisions of this Act: Provided that, in the case of divorce, the Director-General is satisfied that a good faith spousal relationship existed between the recognised refugee and such spouse for a period of at least two years after having been granted asylum.

beampte by 'n Vlugtelingontvangskantoor of by enige ander plek deur die Direkteur-generaal by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys, gedoen word.

(2) Die Vlugtelingstatusbepalingsbeampte moet, by ontvangs van die aansoek bedoel in subartikel (1), ingevolge artikel 24 met sodanige aansoek handel.

(3) Wanneer 'n aansoek om asiel gedoen word, moet elke applikant, met inbegrip van sy of haar gade en afhanklikes, sy of haar **[vingerafdrukke of ander afdrukke]** biometrika op die voorgeskrewe wyse laat neem **[en moet elke applikant wat 16 jaar oud of ouer is twee onlangse foto's van homself of haarself met die voorgeskrewe afmetings verskaf]**.".

**Invoeging van artikels 21A en 21B in Wet 130 van 1998**

**14.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet ingevoeg na artikel 21:

"**Onvergeselde kind en geestesgestremde persoon**

